HOËRSKOOL RANDBURG

AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

SPESIFIEKE OUEROMSENDBRIEF NO 42 VAN 2019

7 Oktober 2019

Beste Ouers,

IT-PAT: FINALE FASE

Die IT-leerders is besig met die finale afronding van hul PAT. Die analise- en ontwerpfases is reeds afgehandel en die laaste fase (implementering & toetsing) word volgende week afgerond met die oog op demo-week (14 tot 18 Oktober) waar hul elkeen 'n 20 minute afspraak maak om die finale produk vir assessering te demonstreer.

Die PAT tel 'n kwart van u kind se finale punt in IT.

Ek wil u aanmoedig om u kind oor die projek uit te vra en laat hy/sy dit gerus aan u demonstreer.

GEEXPO EN DIE IT-PAT-KOMPETISIE

Die Vaaldriehoekkampus van die Noordwes-Universiteit se Ekonomiese Wetenskappe- en Inligtingstegnologie- departemente bied die jaarlikse **GeeXpo** *("Geek Expo")* volgende Saterdag, 12 Oktober 2019, aan.

By GeeXpo kan ons IT-leerders aan verskeie aktiwiteite wat te doen het met Wiskunde en Inligtingswetenskappe, soos onder andere 'n Wiskunde-olimpiade, die IT PAT-kompetisie, 'n "RoboFest" en speletjieprogrammering deur *Serious Games South Africa*, deelneem.

Daar is groot pryse vir die eerste-, tweede- en derdeplekke in elke graad by elke kompetisie bv. tablette, skootrekenaars, eksterne hardeskywe, geskenkbewyse, kontant en ander oulike "gadgets".

Die wenners (eerste drie plekke) van die graad 11-PAT-kompetisie ontvang studiebeurse om in 'n inligtingstegnologierigting by NWU Vaal te studeer.

GeeXpo word van 8:00 tot 16:00 in die Studentesentrum van die NWU se Vaaldriehoekkampus (Vanderbijlpark) aangebied. Die skoolbussie sal om 06:30 vanaf Hoërskool Randburg vertrek en behoort weer teen 17:00 terug te wees. Vervoer is gratis.

Leerders moet asseblief volledige skooldrag aantrek. Verder moet hul 'n geheuestokkie met die volledige en finale Delphi-projek van hul PAT saambring, asook sakgeld vir eet- en drinkgoedjies by die kafeteria.

Indien u enige vrae het, kontak my gerus by marika.dunn@hsrandburg.co.za.

Randjiegroete

Mev. M. DUNN
IT-onderwyser

Mnr. P. BOOYSEN
Hoof